VOL 32/09 SEPTEMBER 2026

WILD & JAG GAME & HUNT



Outdoor Skincare Without The Fuss

The Moment I Almost Gave Up

She Hunts Her Own Way

The 7mm PRC

Die Kleinkolmuskeljaatkat

J du P Bothma



Die kleinkolmuskeljaatkat *Genetta genetta* is ’n swak gespesialiseerde, katagtige diersoort van die *Familie Viverridae* wat sowat 34 miljoen jaar gelede in Eurasië ontstaan het, en is naverwant aan die muishonde, meerkatte en hiënas. Die voorouer van die oyans het 24 miljoen jaar gelede uit ’n primitiewe voorouer wat Afrika uit Europa bereik het ontstaan, en die muskeljaatkatte het 13,5 tot 9,5 miljoen jaar gelede uit die oyans in Afrika ontstaan. Fossiele van die kleinkolmuskeljaatkat is in Langebaanweg in Suid-Afrika, Omo en die Turkanameer in Kenia, en Marokko gevind. Die getal lewende spesies is onseker, maar hulle word as lewende fossiele beskou omdat hulle min oor miljoene jare verander het.

@Kobus Bothma

Die kleinkolmuskeljaatkat is aanvanklik in 1758 deur die Sweedse bioloog Carolus von Linné (later bekend as Carl Linneaus) as ’n soort siwet beskou toe hy dit wetenskaplik as *Viverra genetta* aan die hand van ’n eksemplaar uit Spanje beskryf het. Die Franse bioloog Frédéric Cuvier het die genusnaam *Genetta* vir die muskuljaatkatte in 1816 geskep omdat hulle nie siwette is nie. Dit is van die ou Franse woord *“genete”* afgelei wat weer van die Spaanse woord *“gineta”* afgelei is, en verwys moontlik na die woord *“geneta”* vir die Arabiese Zeneta Berber perderuiters omdat die muskuljaatkatte net so rats as hulle is. Die gewone naam “muskeljaatkat” is ’n samestelling van die Hollandse woorde “muskeljaat” vir “muskus” en “kat” en beteken ’n “katagtige diersoort met ’n muskusreuk”.

Beskrywing

Die kleinkolmuskeljaatkat se katagtige lyf is slank, tot 55 cm lank, en die pels het ’n liggrys tot liggeel agtergrond met swart kolle en strepe. Die klein kop het ’n gepunte snoet, groot ovaalvormige ore, groot oë, en goed-ontwikkelde wangbaarde van tot 7 cm lank. Daar is ’n swart streep op die voorkop, donker kolle onder die oë, en die ken en keel is wit. Die kort bene het katagtige pote met vyf tone en kloue wat half ingetrek kan word. Die digte en sagte pels het talle swart kolle, daar is swart kolle in ongeveer vyf rye op die rug en sykante, en ’n dun swart streep vanaf die skouers tot by die kruis oor die middel van die rug. Die stert is tot 52 cm lank, het agt tot tien swart ringe wat oor die lengte versprei is, en ’n wit punt. Die geslagte lyk eenders, maar ’n volwasse mannetjie weeg gemiddeld 2 kg, en is 10% groter as ’n volwasse wyfie. Daar is ’n kam hare wat opgelig kan word vanaf die skouers tot by die stert se basis, en die agterbene is swart. In dorgebiede is die pels digter as elders, die swart kolle is ligter van kleur, en ’n geheel en al swart individu is in 2019 in Portugal aangeteken. Die afskeidings van die groot talkagtige kliere in die wange, nek en sykante het ’n muskusreuk en die swart kolle is kleiner as in die grootkolmuskeljaatkat, vandaar die gewone naam.

Verspreiding

Die kleinkolmuskeljaatkat kom natuurlik rondom die Middellandse See en in die savannas van Afrika voor, maar eksemplare is 1 500 tot 1 000 jaar gelede vanaf Maghreb in Marokko tydens die Moslem-besetting in Spanje as gedomestiseerde diere gevestig, en kom nou ook in die Baleariese Eilande, Spanje, Frankryk, Portugal, en dele van Duitsland, Holland, Switserland, Jemen, die Arabiese Skiereiland en Israel voor.

Daar is tot 30 subspesies wetenskaplik beskryf, maar net die volgende vier word tans erken:

- *Genetta genetta genetta*: suidwestelike Europa en Noord-Afrika – vanaf Marokko tot by Libië
- *Genetta genetta afra*: Noord-Afrika
- *Genetta genetta senegalensis*: Afrika, suid van die Sahara
- *Genetta genetta dongolana*: Arabiese Skiereiland

Habitat

Die kleinkolmuskeljaatkat kom in ’n verskeidenheid van habitatte met ’n reënval van 100 tot 800 mm per jaar voor, maar nie in digte reënwoude en uiterse dorgebiede nie, en selde in oop gebiede. Dit verkies habitatte met bome en struike, en kom ook in rotsagtige terreine voor.

Gewoontes

Volwasse kleinkolmuskeljaatkatte is meestal alleenlopend, maar twee loop soms saam. Hulle klim goed en is snags veral net voor sonop en na sononder aktief, maar die jonges is ook soms bedags aktief. Dit rus bedags in ’n hol boomstomp, digte bos, ’n erdvark- of springhaasgat, en gebruik dieselfde skuilplek herhaaldelik.

Wyfies en mannetjies het loopgebiede van wisselende grootte, maar dié van die mannetjies is groter as dié van die wyfies. Die mannetjies bly meestal in ’n kerngebied van 27% van hulle loopgebied, en die wyfies in een van 19% daarvan. Die loopgebied van ’n mannetjie is heelwat groter as dié van ’n wyfie, veral in die winter. Die afskeidings van die talkagtige kliere dui die sosiale status van ’n kleinkolmuskeljaatkat aan, en word ook gebruik om naverwante individue te herken. Die afskeiding van die perineale klier en urine word vir kommunikasie gebruik, maar die reukmerke van vreemde individue word meer dikwels as hulle eie reukmerke besnuffel. ’n Indringer word bedreig deur die kam op te lig, die rug krom te trek, en met ’n oop mond te sis.



@Kobus Bothma

‘n Mannetjie beweeg gemiddeld 8,1 km per nag deur sy loopgebied om te jag, en ’n wyfie 3 km. Die kleinkolmuskeljaatkat mis in latrines op die grond, tot 4 m bokant die grond in ’n boom, of op ’n rots langs die grense van die loopgebied. Die latrines word deur verskillende individue gebruik, en sommiges word deurlopend vir tot vier maande lank gebruik. Vars mis word net op ou mis geplaas.

Die kleinkolmuskeljaatkat kommunikeer met verskillende roepe. ’n Hikroep word gebruik om oor die algemeen met mekaar te kommunikeer. ’n Mannetjie gee dit tydens paring, en ’n wyfie roep haar kleintjies daarmee. Die kleintjies maak ’n spingeluid vir die eerste week na geboorte, jong kleinkolmuskeljaatkatte miaaw om aandag te trek, en volwasse diere grom, sis en maak ’n klikgeluid wanneer hulle bedreig word.

Beide geslagte word geslagsryp wanneer hulle twee jaar oud is. Daar is nie ’n algemene paartyd nie, maar daar is hoogtepunte tydens die reënseisoen in verskillende streke. In Suid-Afrika paar hulle vanaf Oktober tot Februarie. ’n Mannetjie stel vas of ’n wyfie in oestrus is deur aan haar sykante te ruik, en maak haar die hof deur te roep. Albei geslagte merk ’n paar dae voor paring meer dikwels. Hulle kopuleer tot vyf keer vir twee tot drie minute per nag. Tot vier kleintjies word met toe oë en ore na dragtigheid van tien tot elf weke in ’n hol boom, ’n diep gat van ’n erdvark of springhaas, ’n uitgeholde miershoop, of in ’n rotsskeur gebore, maar die vloer word nie met nesmateriaal bedek nie. Hulle weeg 60 tot 85 g en het ’n donker pels en kolle by geboorte, en maak hulle oë na vyf tot 12 dae oop. Hulle begin om vaste kos te eet wanneer hulle 45 dae oud is, speen eers wanneer hulle vier maande oud is, begin om te jag wanneer hulle 12 weke oud is, en word bedrewe jagters wanneer hulle 18 maande oud is. Hulle is die prooi van groot roofdiere soos uile, arende, luiperds, rooikatte, tierboskatte, ratels en luislange, maar kan tot 13 jaar oud word.

Dieet en water

Die kleinkolmuskeljaatkat eet ’n verskeidenheid van klein soogdiere soos muise en konyne, akkedisse, slange, paddas, insekte, duisendpote, skerpioene, voëls en hulle eiers, en wilde vrugte soos vye en olywe, maar dit wissel van streek tot streek. Soms aas hulle, en vang pluimvee op hok.

Hulle spoor hulle prooi met reuk op, en leer om ’n spesifieke soort prooi te vang. Hulle bekruip die prooi stadig en versigtig. Hulle byt akkedisse, voëls en muise in die agterkop dood soos ’n kat, en sluk hulle kop eerste en daarna in porsies in. Hulle sluk vrugte en insekte geheel en al in, maar eet nie die pitte van vrugte nie.

Weens hulle hoë vlakke van aktiwiteit kom hulle gewoonlik nie vêr van ’n waterbron af voor nie, en drink snags water.



@Kobus Bothma

Verwysings

Barbosa, A M & P Perry 2020. First record of a melanistic common genet *Genetta genetta* in southern Portugal extends the geographic range of this variant in Europe. *Small Carnivore Conservation*, 58: e58005.

Camps, D 2011. Resting site selection, characteristics and use by the common genet *Genetta genetta* (Linnaeus 1768). *Mammalia*, 75(1): 23–29.

Larivière, S & J Calzada 2001. The common genet *Genetta genetta. Mammalian Species*, 680: 1–6.

Morales, A 1994. Earliest genets in Europe. *Nature*, 370(6490): 512–513.

Skinner, J D & C T Chimimba (reds) 2005. *The mammals of the southern African subregion*, derde uitgawe. Cambridge: Cambridge University Press, bladsye 417–420.

Virgós, E, M Llorente & Y Cortes 1999. Geographical variation in genet (*Genetta genetta* L.) diet: a literature review. *Mammalian Review*, 29(2): 117–126.

Wilson, D E & R A Mittermeier 2009. *Handbook of the mammals of the World.* Barcelona: Lynx Edicions, Volume 1, bladsye 174–232.



@Kobus Bothma